

8 Augustus

**Skrifgedeelte: Handeling 5:32-42**

**Fokusgedeelte: Handeling 5:32**

### **Gehoorsame getuies**

Die Joodse Raad hoor Petrus se woorde waarmee hy die apostels se verdediging teen hulle aanklagte stel. Dit moet vir hulle duidelik wees – God se handeling in Jesus Christus wys dat hy die Messias is wat wat belowe is. Petrus gaan verder deur die Joodse leiers daarop te wys dat dit alles vir Israel tot bekering kan bring en tot vergifnis van sonde kan lei.

Hierdie leiers is juis deel van Israel. Hulle moet die innerlike verandering soek. Hoe kan hulle nou van die apostels verwag om hierdie boodskap te verswyg? Die hele aanloop en afloop van die gebeure rondom Jesus het immers voor hulle oë afgespeel. Daar was selfs ooggetuies by die Here se hemelvaart. Daarna het Stefanus vir Jesus gesien waar Hy aan die regterhand van God se troon staan. Die apostels se boodskap berus op eerstehandse inligting. Hulle is oog-en oorgetuies. Hoe kan hulle swyg? 'n Getuie vertel tog wat gebeur het.

Petrus wys verder daarop dat die Heilige Gees ook 'n getuie van die dae van God is. Die evangelie het dus getuies in die hemel en op die aarde! Dis dieselfde Gees wat ook in elke gelowige getuie se hart leef. Hoe kan jy dan ongehoorsaam wees? Die Heilige Gees getuig saam met jou gees dat Jesus die Here is! Geen aardse, geen menslike mag kan hierdie waarheid ontken of probeer stilmaak nie. Dit is 'n waarheid wat regtig gebeur het. Daar was getuies!

Ons kan dit ook nie verswyg nie. Ons is gehoorsame getuies!

*Sing: Psalm 66:7 (Totius)*

*Ds. CB Swanepoel (Lyttelton)*